# Die tussen-testamentêre tydperk

## deur prof. GDS Smit

### 1. Inleiding

Die uitdrukking "tussentestamentêre tydperk" is meer van ‘n term as ‘n tydperk. Tog beskryf dit wel 'n tydperk wat tussen die afhandeling van die Ou Testament en die begin van die Nuwe Testament in die Bybelse geskiedenis ingedeel word. Die term is dus bruikbaar, mits ons twee misverstande vermy. Die eerste misverstand is dat dit "stil jare" was waarin niks gebeur het nie. Die tweede is dat dit 'n leemte in die Bybelse geskiedenis was wat met apokriewe boeke aangevul moet word om sin te maak.

Nie een van die twee is korrek nie. Wat wél gebeur het, is dat die profetiese openbarings opgehou het, terwyl die verloop van die geskiedenis en die Joodse godsdiens aktief gebly het. Die Joodse volk het in hierdie vier eeue van 'n herstelde gemeenskap na die Babiloniese ballingskap en onder Persiese heerskappy ontwikkel tot 'n verstrooide gemeenskap onder Romeinse bewind. Sonder om daardie ontwikkeling in ag te neem is die Nuwe Testament se woordeskat, die konflikte en sy teologie moeilik verklaarbaar.

Teologiese vakliteratuur gebruik vandag gewoonlik die term "Tweede Tempeltyd" (515 v.C. tot 70 n.C.). Die term is histories meer korrek, maar oor die datering sal hier onder meer gesê word. Die Tweede Tempeltyd neem die herbou van die tempel onder Esra en Nehemia en die tyd daarna in ag toe die tempel as die middelpunt van die godsdiens van die Jode ontwikkel het. ‘n Mens sou ook kon praat van die "vroeë Judaïsme" om die godsdienstige inhoud te beskryf. Die term "hellenistiese tydperk" sou ook gebruik kon word om die kulturele veranderinge van die tyd onder invloed van Alexander die Grote en die vergrieksing van die destydse samelewing te beskryf. Al drie oorvleuel met die tussentestamentêre tydperk sonder om noodwendig presies in datering ooreen te stem.

Vanuit teologiese vertrekpunt is die belangrikste kenmerk van hierdie tydperk dat dit 'n tyd van *verwagting sonder verdere openbaring* was. Die kanon van die Ou Testament was reeds afgesluit. Presies om die rede verstaan ons die begin van die Nuwe Testament as die volheid van die tyd soos Paulus dit in Galasiërs 4:4 noem. Die tydperk moet dus nie verstaan word as 'n onderbreking in die heilsgeskiedenis nie, maar die voorbereiding op die koms van Christus.

## 2. Datering

Die *beginpunt* word gewoonlik nie by Alexander (332 v.C.) geneem nie, maar by die einde van die Ou-Testamentiese profete. Maleagi word gewoonlik omstreeks 433 tot 400 v.C. gedateer, en Nehemia se tweede goewerneurskap val in dieselfde tyd. Die mees voor-die-hand-liggende beginpunt is dus ongeveer 400 v.C. Wie Alexander as beginpunt neem, laat sewentig jaar van die Persiese geskiedenis uit wat juis vir die ontstaan van die ontwikkeling van die sinagogediens, die ontstaan van die skrifgeleerdes en die Samaritaanse skeuring beslissend was.

Hoewel baie die *eindpunt* beskou as die middel van die eerste eeu, is dit beter om die begin van die Nuwe-Testamentiese gebeure, dit wil sê die aankondiging aan Sagaria en die geboorte van Christus, omstreeks 6-4 v.C, te aanvaar. Die tydperk sluit dus af waar Lukas 1 begin. Die omvang is daarom ongeveer 400 v.C. tot 4 v.C., dus rondom vier eeue.

Ons kan dus verwys na twee daterings vir die tydperk, naamlik ‘n breë datering en enger datering.

Ons kan die tussen-testamentêre tydperk in hoofsaaklik 5 fases verdeel:

**Fase 1: Persiese tydperk (539 tot 332 v.C.)**

Hierdie tydperk is nog nie die tussen-testamentêre tydperk nie, maar die gebeure gee aanleiding tot die gebeure wat in die tussen-testamentêre tydperk afspeel. Dit sluit in: Kores se bevel in 539 v.C., die terugkeer van die ballinge onder Serubbabel, die voltooiing van die tweede tempel in 516/515 v.C., die optrede van Esra en Nehemia in die middel van die vyfde eeu, en die afsluiting van die profete by Maleagi.

Die Persiese beleid van godsdienstige verdraagsaamheid het die na-ballingskapse Joodse gemeenskap gevorm. Drie ontwikkelinge uit hierdie tyd bepaal alles wat volg.

Eerstens het die *Torah as grondwet* gegeld. Esra se openbare voorlesing en uitleg (Neh. 8) vestig 'n patroon waarin die geskrewe woord, en nie meer 'n lewende profeet nie, die gemeenskap se reg bepaal. Dit is die begin van Skrifgeleerdheid as amp.

Tweedens het die *sinagoges* ontstaan, waarskynlik reeds in die ballingskap, as plek van gebed en skriflesing sonder offers. Teen die eerste eeu is dit die vernaamste godsdienstige instelling buite Jerusalem, en dit word die vertrekpunt vir Paulus se sendingstrategie.

Derdens het die *Samaritaanse skeuring* gevolg, met 'n eie tempel op Gerisim en 'n eie Pentateug. Die spanning wat Johannes 4 veronderstel, dateer uit hierdie tyd.

**Fase 2: Hellenistiese tydperk onder die Ptolemeërs (332 tot 198 v.C.)**

Die hellenistiese tydperk verwys na die tydperk van vergrieksing van die antieke beskawing tydens en na die dood van Alexander die Grote. Hierdie tydperk sluit in: Alexander se verowering van die Oostelike Mediterreense gebied in 332 v.C., sy dood in Babel in 323 v.C., die stryd en verdeling van die Griekse Ryk, die slag van Ipsus in 301 v.C. wat Palestina onder Egiptiese (die Ptolemeërs se) beheer plaas, en die ontstaan van die Griekse vertaling van die Ou Testament (Septuagint) in Aleksandrië vanaf ongeveer 250 v.C.

Alexander se regering loop van 336 tot 323 v.C. Sy blywende nalatenskap was egter nie op militêre gebied nie maar kultureel, naamlik die verspreiding van die Griekse taal, die stigting van stede met Griekse skole en teaters, die uitbreiding van die Griekse filosofie en 'n gemeenskaplike beskawingsideaal wat die Griekse kultuur bevoordeel het.

Hellenisering was nie 'n eenvormige proses nie. Dit het per streek en per klas verskil. Die Joodse aristokrasie in Jerusalem het dit vinnig aanvaar, die landelike bevolking veel stadiger, en die diaspora in Aleksandrië het dit so volledig aanvaar dat Grieks hulle enigste taal geword het.

**Fase 3: Seleukidiese tydperk en die Joodse oorname (198 tot 167 v.C.)**

Antiochus III verslaan die Ptolemeërs by Panion in 198 v.C. Onder Antiochus IV Epifanes (175 tot 164 v.C.) volg die verraad van die hoëpriesterskap aan Jason en Menelaüs, die plundering van die tempel in 169 v.C., en die ontheiliging van die altaar in Jerusalem in Desember 167 v.C., veral soos dit in 2 Makkabeërs beskryf word.

Die agtergrond is die stryd om die hoëpriesterskap in Jerusalem. Die amp het tradisioneel aan die huis van Aäron behoort en was nie ‘n politieke posisie nie. Die hoëpriester was die belangrikste godsdienstige leier van die Joodse volk. In die tweede eeu v.C. het die Seleukidiese koning egter toenemend politieke invloed oor hierdie amp verkry.

Jason, broer van die wettige hoëpriester Onias III, het Antiochus IV met ‘n groot som geld omgekoop om hom in die plek van Onias as hoëpriester aan te stel. 2 Makkabeërs 4:7-10 beskryf hoe Jason die amp wederregtelik bekom het. Hy het

daarna gedwonge gehelleniseerde hervormings in Jerusalem ingestel, waaronder die oprigting van ’n Griekse skool en die bevordering van Griekse gebruike.

Toe kom Menelaüs op die toneel. Hy was nie eens uit die tradisionele Sadokitiese hoëpriesterlike familie nie. Volgens 2 Makkabeërs 4:23-26 was hy ’n broer van Simon, ’n amptenaar wat voorheen in die tempeladministrasie betrokke was. Antiochus het Menelaüs na Sirië gestuur om die koning se belasting oor te betaal. Menelaüs het egter die geleentheid gebruik om Jason te onthef en die hoëpriesterskap vir homself te bekom. Hy het die koning ’n groter bedrag aangebied as wat Jason aangebied het.

Hierna is die amp van die hoëpriester losgemaak van sy godsdienstige en genealogiese grondslag en onderwerp aan die wil van ’n heidense koning. Die tempel en die priesterskap het deel van die Seleukidiese politieke ekonomie geword. Dit verklaar ook waarom 2 Makkabeërs 4 Menelaüs so negatief voorstel. Hy het uiteindelik selfs tempelskatte gesteel om sy skuld aan die koning te betaal. Toe Onias III hom daarvan beskuldig, het Menelaüs se broer Lysimachus weer geld uit die tempel gesteel, en die konflik het uiteindelik tot die moord op Onias III gelei (2 Makk. 4:30–35).

**Fase 4: Makkabese opstand en Hasmonese dinastie (167 tot 63 v.C.)**

Hierdie tydperk, ongeveer 167-63 v.C., vorm die kern van die Hasmonese geskiedenis. Dit begin as ’n godsdienstige opstand teen die Seleukidiese onderdrukking en eindig met die Romeinse oorheersing van Judea.

Die onmiddellike aanleiding was die beleid van Antiochus IV Epifanes, wat vanaf 167 v.C. Joodse godsdiensbeoefening ernstig beperk het. Die tempel is aan heidense aanbidding gewy, offers volgens die Torah is verbied, en die besnydenis en onderhouding van die sabbat is verbied. Hierdie beleid het ’n sterk weerstand binne Judea ontketen.

Die priester Mattatias het geweier om aan die koninklike bevele gehoor te gee. Volgens 1 Makkabeërs 2 het hy ’n koninklike offisier doodgemaak wat van hom verwag het om ’n offer aan die heidense gode te bring. Daarna het hy saam met sy vyf seuns, Johannes, Simon, Judas, Eleasar en Jonatan, die berge ingevlug en ’n gewapende opstand begin.

Mattatias sterf in 166/165 v.C. en laat die leiding van die rebelle oor aan sy seun Judas, wat die bynaam Makkabeüs gekry het. Judas het ’n doeltreffende guerrilla-mag opgebou en verskeie Seleukidiese leërs verslaan. Die opstand het dus van ’n plaaslike godsdienstige weerstand ontwikkel tot ’n breër stryd om Joodse selfbeskikking.

Judas Makkabeüs het Jerusalem en die tempel in 164 v.C. terug verower. Die tempel was egter in ’n toestand van ontheiliging. Die heidense altaar is afgebreek, die heilige voorwerpe is herstel en die tempel is opnuut aan die Here gewy. Die hertoewyding van die tempel het op 25 Kislev 164 v.C. begin en het agt dae geduur. Dit is die oorsprong van die Joodse fees van Chanukkah, die Fees van die Ligte (‘n datum wat ooreenstem met die van die Christelike viering van Kersfees).

Die stryd het egter voortgeduur. Judas het in 160 v.C. in die slag van Elasa gesneuwel. Sy broer Jonatan het daarna die leiding oorgeneem en ’n uiters bekwame politieke leier geword. Hy het die interne verdeeldheid binne die Seleukidiese ryk benut om groter onafhanklikheid vir Judea te verkry. Jonatan is in 143 v.C. deur die Seleukidiese generaal Tryphon vermoor. Sy broer Simon het hom opgevolg.

Onder Simon het die Hasmonese beweging uiteindelik volle politieke onafhanklikheid bereik. In 142 v.C. is die Seleukidiese heerskappy oor Judea feitlik beëindig. Simon is deur die Joodse volk erken as hoëpriester, leier en etnarg (heerser oor Judea), en 1 Makkabeërs 14 beskryf hierdie gebeurtenis as die begin van ’n nuwe politieke orde vir die Jode.

Dit is ’n belangrike keerpunt. Die beweging wat met Mattatias begin het as ’n verdediging van die Torah en tempel, het nou tot ‘n Joodse staat gelei.

Simon is in 134 v.C. deur sy skoonseun Ptolemeus vermoor, maar Simon se seun Johannes Hirkanus I het die mag oorgeneem. Hy was die eerste van die Hasmonese heersers wat die Joodse staat aansienlik uitgebrei het. Hirkanus het gebiede rondom Judea verower en die Hasmonese staat uitgebrei. Hy het onder andere Samaria verower en die Samaritaanse tempel op die berg Gerisim vernietig. Hy het ook sy mag oor Idumea uitgebrei en die Idumeërs tot Joodse godsdiensbeoefening gedwing. Hier begin die Hasmonese staat ’n interessante maar problematiese ontwikkeling toon: die oorspronklike opstand was gerig teen godsdienstige hellenisering, maar die nuwe staat het self toenemend soos ’n Hellenistiese koninkryk begin funksioneer, met territoriale uitbreiding, politieke mag en ’n koninklike heersershuis.

Na Hirkanus I het sy seun Aristobulus I in 104 v.C. regeer. Hy was die eerste Hasmonese heerser wat die titel koning aanvaar het. Daarmee het die politieke ontwikkeling nog verder gegaan. Die Hasmonese heerser was nou nie meer bloot ’n priesterlike leier of etnarg nie, maar ’n koning.

Aristobulus se broer Alexander Janneus het hom in 103 v.C. opgevolg en regeer tot 76 v.C. Onder hom het die Hasmonese staat sy grootste territoriale omvang bereik. Hy het gebiede aan die Middelandse See en in Transjordanië verower. Maar sy regering was ook uiters konflik belaai. Alexander Janneus het sterk teenstand van

die Fariseërs ervaar en ’n burgeroorlog het gedreig. Volgens Josephus het die konflik tot groot getalle Joodse sterftes gelei.

Na Alexander Janneus se dood het sy vrou, Salome Alexandra, regeer. Sy het ’n betreklik stabiele regering gelei en daarin geslaag om die konflik tussen die Hasmonese hof en die Fariseërs gedeeltelik te temper. Sy het egter twee seuns gehad wat later die ondergang van die dinastie sou veroorsaak: Hirkanus II, die oudste, wat die hoëpriesterskap ontvang het, en Aristobulus II, wat ’n sterker en meer ambisieuse politieke aanspraakmaker was. Na Salome Alexandra se dood in 67 v.C. het die twee broers om die koningskap en hoëpriesterskap begin meeding.

Hirkanus II het aanvanklik die koningskap en hoëpriesterskap oorgeneem, maar Aristobulus II het hom militêr uitgedaag. Aristobulus het sterker geword en Hirkanus het uiteindelik sy aanspraak op die koningskap laat vaar. Hirkanus se adviseur Antipater die Idumeër het hom egter oorreed om sy aanspraak op die troon te herwin. Die konflik het uiteindelik na Rome uitgebrei. Albei broers het probeer om Pompeius die Grote se steun te verkry, maar Pompeius het die geleentheid benut om self die Joodse gebied te verower.

Pompeius het in 63 v.C. Jerusalem binnegeval. Hy het die tempel verower en Judea onder Romeinse oorheersing geplaas. Hirkanus II is as hoëpriester behou, maar die Hasmonese koninkryk se onafhanklikheid was verby. Daarmee eindig die Hasmonese geskiedenis.

**Fase 5: Romeinse tydperk (63 v.C. en verder)**

Pompeius neem Jerusalem oor in 63 v.C., Herodes die Grote regeer van 37 tot 4 v.C., en Oktavianus word Augustus in 27 v.C. Jesus word gebore in 6-4 v.C.

Pompeius gryp in tydens die broedertwis tussen Hirkanus II en Aristobulus II en neem Jerusalem oor in 63 v.C. Sy betreding van die Allerheiligste is as ontheiliging beleef. Antipater die Idumeër verwerf invloed, en sy seun Herodes word in 40 v.C. deur die Senaat as koning aangestel en verower sy koninkryk in 37 v.C.

Herodes was 'n uitsonderlike bouer, met die tempeluitbreiding vanaf 20/19 v.C., Cesarea Maritima, Masada en die Herodion wat uit hierdie tyd dateer, en terselfdertyd was hy 'n heerser wat sy eie vrou en seuns laat doodmaak het. Vir die Jode was hy 'n halwe vreemdeling, 'n Idumeër en Rome se valse koning.

Rome bring stabiliteit en infrastruktuur, dus paaie, seeroetes, 'n gemeenskaplike muntstelsel en die *pax Romana*. Terselfdertyd bring dit swaar belasting, sensusse, tollenaars en 'n heidense keiserkultus. Die kombinasie van orde en vernedering is die grond waaruit die Selote gegroei het.

## 3. Die literêre nalatenskap van die tussen-testamentêre tydperk

Die tydperk was ook nie stil in literêre opsig nie, en die aantal belangrike geskrifte uit hierdie tyd bevestig dit.

**Die Septuagint (vanaf ca. 250 v.C.)**

Die Septuagint, gewoonlik afgekort as LXX, is die antieke Griekse vertaling van die Hebreeuse Ou Testament. Die ontstaan daarvan moet verstaan word teen die agtergrond van die Hellenistiese wêreld ná die verowerings van Alexander die Grote. Grieks het die belangrikste internasionale taal van die oostelike Middellandse See geword, en groot Joodse gemeenskappe het buite Palestina gewoon, veral in Alexandrië in Egipte. Vir baie van hierdie Jode het Grieks die taal van die alledaagse lewe geword. ’n Griekse vertaling van die Joodse Ou Testament het daarom al hoe noodsaakliker geword.

Die tradisionele verhaal oor die ontstaan van die Septuagint word gevind in die Brief van Aristeas. Volgens hierdie weergawe het Ptolemeus II Filadelfus van Egipte in die derde eeu v.C. die Pentateug in Grieks laat vertaal vir die biblioteek van Alexandrië. Die tradisie vertel dat 72 Joodse geleerdes, ses uit elk van die twaalf stamme, na Alexandrië gebring is om die vertaling te doen. Die naam *Septuaginta*, “sewentig”, kom uit hierdie tradisie, hoewel die historiese besonderhede van die verhaal nie met sekerheid aanvaar kan word nie. Wat wel duidelik is, is dat die Pentateug teen ongeveer 250 v.C. in Grieks vertaal is. Die res van die Ou Testament is nie op dieselfde tyd vertaal nie. Die ander boeke het geleidelik ontstaan, waarskynlik oor die daaropvolgende twee eeue.

Die Septuagint het vervolgens ’n besondere plek in die Joodse Diaspora verkry. Vir Grieksprekende Jode was dit die vorm waarin hulle die Skrifte gelees, aangehaal en bestudeer het. Dit het ook ’n belangrike rol gespeel in die verspreiding van Joodse monoteïsme en Skrifstudie binne die Hellenistiese wêreld.

Die belangrikheid van die Septuagint vir die Christelike kerk lê veral daarin dat die Nuwe-Testamentiese skrywers baie dikwels die Griekse vertaling gebruik wanneer hulle die Ou Testament aanhaal. Omdat die Nuwe Testament self in Grieks geskryf is, was die Septuagint natuurlik ’n beskikbare en natuurlike vorm van die Skrif vir die apostels en die vroeë kerk.

Dit is daarom belangrik om nie die Septuagint bloot as ’n antieke vertaling te behandel nie. Teen die eerste eeu n.C. het dit in baie Joodse en later Christelike kringe as ’n gesaghebbende vorm van die Ou Testament gefunksioneer. Wanneer Paulus byvoorbeeld in Romeine 9-11 die Ou Testament aanhaal, is sy Griekse formulering dikwels baie naby aan die Septuagint. Die vroeë Christelike gemeentes,

waarvan baie Grieksspreekend was, het die Ou Testament hoofsaaklik in hierdie vorm gelees.

**Die Apokriewe**

Die Apokriewe, ook bekend as die Deuterokanonieke boeke in die Rooms-Katolieke tradisie, is ’n versameling Joodse geskrifte wat hoofsaaklik uit die tyd tussen die Ou en Nuwe Testament dateer. Hieronder tel onder meer Tobit, Judit, die Wysheid van Salomo, Sirag, Barug, 1 en 2 Makkabeërs, asook byvoegings tot Ester en Daniël. Hierdie geskrifte bied waardevolle insig in die godsdienstige, etiese en politieke wêreld van die Tweede Tempeltydperk. Hulle wys onder andere hoe die Jode oor wysheid, die wet, martelaarskap, die opstanding, engele, tempelaanbidding en die verhouding tussen Israel en die heidense wêreld gedink het. Hulle is dus belangrik vir die verstaan van die historiese en teologiese agtergrond van die Nuwe Testament, selfs wanneer hulle nie as kanonieke boeke aanvaar word nie.

Die Gereformeerde tradisie maak ’n duidelike onderskeid tussen hierdie boeke en die kanonieke geskrifte. Artikel 6 van die Nederlandse Geloofsbelydenis sê dat die Apokriewe in die kerk gelees en daaruit geleer kan word, maar dat hulle nie dieselfde gesag as die kanonieke boeke besit nie. Die artikel stel dit dat die kerk hierdie boeke kan gebruik om uit te leer, so ver as wat hulle met die kanonieke boeke ooreenstem. Hulle kan dus historiese en morele waarde hê, maar hulle kan nie gebruik word om ’n leerstelling van die geloof vas te stel nie. Die onderskeid is dus: die kanonieke boeke is die norm van die geloof, terwyl die Apokriewe boeke ondergeskikte getuienis en nuttige historiese literatuur is. Die Gereformeerde benadering verwerp dus nie die Apokriewe as waardelose literatuur nie, maar plaas hulle binne die regte kategorie.

Vanuit historiese oogpunt is veral 1 Makkabeërs van groot belang. Dit bied ’n betreklik gedetailleerde verslag van die Makkabeër-opstand, die regering van Judas Makkabeüs, Jonatan en Simon, en die ontstaan van die Hasmonese staat. Dit is daarom ’n belangrike bron vir die geskiedenis van Judea in die tweede eeu v.C. 2 Makkabeërs bied ’n ander weergawe van die vroeë fase van die opstand en is besonder belangrik vir die verstaan van Joodse martelaarskap, tempelherstel en die geloof in die opstanding.

Sirag en die Wysheid van Salomo is weer belangrike getuies van Joodse wysheidsteologie in die Hellenistiese wêreld.

Tobit en Judit moet anders benader word. Hulle funksioneer hoofsaaklik as onderrigtende verhale wat godsvrug, getrouheid aan God en die bewaring van Israel se identiteit bevorder. Hulle historiese waarde is daarom veel kleiner as dié van 1 Makkabeërs.

Die Apokriewe vorm ’n belangrike brug tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament, omdat hulle ons help om die godsdienstige, kulturele en historiese wêreld waarin Christus en die apostels opgetree het, beter te verstaan.

### 4. Teologiese strome in die tussen-testamentêre tyd

**Die Fariseërs**

Die Fariseërs het waarskynlik uit die *chasidim*, die “godvresendes” of vromes van die Makkabese tyd ontwikkel, hoewel die presiese historiese verhouding tussen hierdie groepe nie met sekerheid vasgestel kan word nie.

Hulle het die geskrewe Torah aanvaar, maar ook groot gesag aan die mondelinge tradisie geheg, wat volgens hulle die regte toepassing en interpretasie van die Torah in die alledaagse lewe bepaal het. Anders as die Sadduseërs het hulle die opstanding van die dode, die bestaan van engele en die goddelike voorsienigheid aanvaar, soos Josefus en Handelinge 23:6-8 bevestig.

Hulle was nie deel van die priesterlike aristokrasie nie, en het daarom groter invloed onder die gewone bevolking gehad as die Sadduseërs. Hulle konflik met Jesus moet juis teen hierdie agtergrond verstaan word. Jesus en die Fariseërs het baie fundamentele oortuigings gedeel, onder meer die gesag van die Wet, die bestaan van die geestelike wêreld en die verwagting van die opstanding. Die konflik was daarom nie eenvoudig dié van ongeloof teenoor geloof nie, maar dikwels ’n botsing tussen teologiese posisies, veral oor die interpretasie van die Torah, tradisie, reinheid, sabbat en die identiteit van die ware volk van God.

**Die Sadduseërs**

Die Sadduseërs was hoofsaaklik afkomstig uit die priesterlike en Jerusalemse aristokrasie en was sterk verbind aan die tempel en die bestaande politieke orde. Hulle het onder Romeinse heerskappy ’n invloedryke posisie behou en was bereid om pragmaties met die Romeinse owerheid saam te werk om hierdie orde te handhaaf.

Die algemene voorstelling is dat die Sadduseërs slegs die Torah aanvaar het en die Profete en Geskrifte as minder belangrik geag het. Hulle het verder belangrike leerstellings wat deur die Fariseërs aanvaar is, verwerp. Volgens Handelinge 23:8 het hulle nie die opstanding, die bestaan van engele of geeste aanvaar nie.

Hulle mag en invloed was uiteindelik nou verbind aan die tempel en die priesterlike instelling. Daarom het die verwoesting van Jerusalem en die tempel in 70 n.C. die

sosiale en godsdienstige basis van hulle mag feitlik vernietig, waarna die Sadduseërs as Joodse party uit die geskiedenis verdwyn het.

**Die Esseners**

Die Esseners was ’n streng Joodse godsdienstige beweging van die Tweede Tempeltydperk wat klem gelê het op rituele reinheid, gehoorsaamheid aan die wet en ’n afsonderlike gemeenskapslewe. Josefus beskryf hulle as ’n goed georganiseerde groep wat in verskeie dorpe en gemeenskappe verspreid oor Judea gewoon het, en hy skat hulle getal op ongeveer vierduisend.

Sommige Esseners het hul besittings met die gemeenskap gedeel, terwyl toelating tot die gemeenskap deur ’n streng proses van toetsing en dissipline gereguleer is. Hulle het gereelde rituele wassings beoefen en ’n eie kalender gevolg wat van die amptelike Joodse tempelkalender verskil het.

Hierdie kalenderkwessie was vir hulle belangrik, omdat hulle geglo het dat die Jerusalemse tempelkultus deur ’n korrupte priesterlike orde beheer word. Daarom het sommige groepe ’n afsonderlike identiteit ontwikkel en gewag op die herstel van die “suiwer” aanbidding.

Die Dooie See-gemeenskap by Qumran word dikwels met die Esseners verbind, en daar is inderdaad opvallende ooreenkomste tussen die Qumran-tekste en die beskrywings van die Esseners deur Josefus en Plinius. Tog moet ’n mens versigtig wees om die twee eenvoudig aan mekaar gelyk te stel. Die argeologiese en literêre getuienis dui daarop dat die Esseners nie slegs ’n afgesonderde groep by die Dooie See was nie, maar ’n breër beweging met gemeenskappe op verskillende plekke in die land. Hulle bied daarom ’n belangrike venster op die godsdienstige pluraliteit van die Joodse wêreld waarin die vroeë kerk ontstaan het.

**Die Selote.**

Josefus beskryf wat hy die “vierde filosofie” noem, ’n beweging wat in 6 n.C. onder leiding van Judas die Galileër ontstaan het in reaksie op die Romeinse sensus en belasting. Hulle oortuiging was dat Israel slegs aan God as koning behoort en dat onderwerping aan ’n heidense heerser daarom ’n vorm van godsdienstige ontrouheid was.

In hierdie opsig het hulle sekere ooreenkomste met die Fariseërs gehad, veral in hulle ywer vir die Torah, maar hulle was bereid om hierdie ywer in aktiewe verset

teen Rome te omskep. Die term Seloot ("yweraar") was dus gebruik om na hierdie groep te verwys. Die Selote as georganiseerde party of faksie word veral aktief tydens die Joodse oorlog van 66-70 n.C., toe verskillende militante groepe in Jerusalem 'n beduidende rol gespeel het. Dit is ook belangrik dat Jesus self Simon die Seloot onder die twaalf apostels gekies het (Luk. 6:15; Hand. 1:13). Die benaming wys op sy assosiasie met hierdie soort nasionalistiese of godsdienstig-politieke ywer. Dit is veral betekenisvol dat Jesus iemand uit hierdie milieu saam met Mattheus, die voormalige tollenaar, geroep het. Die dissipelskap van Jesus het dus mense met sterk uiteenlopende politieke agtergronde verenig onder 'n koninkryk wat nie deur gewapende opstand teen Rome gevestig sou word nie.

**Samevatting**

Die tussen-testamentêre tydperk was dus nie 'n vakuum tussen die Ou en Nuwe Testament nie. Dit was 'n voorbereidingstyd waarin die politieke, taalkundige, kulturele en godsdienstige wêreld ontwikkel het waarin die Nuwe Testament sou aanbreek.

Die Griekse taal het wyd versprei, die Septuagint het die Skrif in die Griekssprekende wêreld beskikbaar gestel, die Joodse godsdienstige groepe het gevorm, die Messiaanse verwagting het verdiep, en Rome het die politieke toneel oorgeneem.

Wanneer Christus in die volheid van die tyd verskyn, is die verhoog reeds voorberei. Wat van die menslike kant af soos eeue van politieke en godsdienstige ontwikkeling lyk, is vanuit die perspektief van die Skrif deel van God se voorsienige voorbereiding vir die koms van sy Seun.